

UIT DIE KANTOOR

Desember 2021

Geagte Ouers/Voogde, Leerders en Ondersteuners

Graag doen ek verslag oor die afgelope maand se aktiwiteite. Verder wil ek ook 'n paar aktuele sake uitlig.

1. Eksamen : Graad 08 – 11

Vanaf 15 November tot 3 Desember 2021 het al ons leerders eksamen geskryf. Ten einde onsekerheid by ouers uit die weg te ruim, word die promosievereistes vir die onderskeie grade ingesluit. Meet gerus u kind se punte daaraan om te bepaal of hy/sy 'n grensgeval is, al dan nie. Indien daar by u enige onsekerheid bestaan, maak gerus met die skool kontak.

Slaagvereistes:

Graad 10 – 12 Slaag drie (3) vakke met 40%+ waarvan een vak op Huistaalvlak Slaag nog drie (3) vakke met 30%+
--

Graad 08 - 09 50%+ in Afrikaans 40%+ in Wiskunde en Engels 40%+ in drie ander vakke 30%+ in twee ander vakke

Die volgende leerders behaal hierdie kwartaal die top 10 van hul graad. Baie geluk met dié mooi prestasies. (in alfabetiese volgorde):

- Graad 11:** Jaylene Antonie, Chris Carstens, Franco de Kock, Brooklyn Kiewiets, Janie Marais, Philip Olivier, Sheldon Pokwas, Nienke Strauss, Neline Swart en JG van Deventer.
- Graad 10:** Ewan Coetzee, Anri Gous, Raynard Mitchell, Willem Nel, Ann-Lumény Pieterse, Carli Prins, Carlene Segelaar, Geriant Segelaar, Nina Stemmet, Christian Swart
- Graad 09:** Lani Beetge, Nina Beukes, Nicholas Brunings, Stefanie Burger, Petri Fourie, Franco Stemmet, Jana Strydom, Gabriel Telford, Nicole van der Walt en André van Deventer.
- Graad 8:** Emma Carstens, Jomar Hanekom, John Hattingh, Tasneem Jansen, Halle Joseph, Richard Knipe, Siyambonga Lirafu, Kezia Malgas, Jaywin Noemdo en Mikayla Theron

2. Eksamen : Graad 12

Die graad 12-eksamen het geëindig op 1 Desember 2021. Die WKOD het bekend gemaak dat vanjaar se graad 12-uitslae op **21 Januarie 2022 om 11:00** by skole bekend gemaak mag word. Ons graad 12-leerders kan dan dadelik 'n afskrif van die uitslagadvies kry. Daar kan ook vanaf 12:00 telefonies navraag gedoen word by 023-6141390. **Alle uitstaande boeke moet ingehandig wees!**

3. Skoolaktiwiteite

3.1 Die Burger Jeugleierskonferensie

Nienke Strauss woon Die Burger se Jeugleierskonferensie by. Dit vind vanjaar virtueel aanlyn plaas. Sy is een van slegs 'n paar dogters uit die hele Wes-, Oos- en Noord-Kaap op dié seminaar. Dit is vanjaar die **25ste** agtereenvolgende jaar dat 'n leerderleier van ons skool gekies is vir dié seminaar.

3.2 Skaak

Ons is baie trots op Geriant Segelaar wat in die Boland skaakspan opgeneem is. Baie geluk!

3.3 Kultuurtoekennings

Tydens die Ink Nasionale skryfkompetisie het Zindi van Zyl 'n 3de plek vir haar gedig en 4de plek vir haar kortverhaal behaal. Haar gedig is een van 30 wat in Januarie by die Taalmonument uitgestal sal word. Baie geluk Zindi! Ons is trots op jou.

3.4 Tennis

Drie leerders het deelgeneem aan die Boland Platteland Toernooi op die 29ste en 30ste Oktober. Nienke Strauss (Weskus O/19), Eben Carstens (Noord-Boland) en Nina Beukes (Noord-Boland O/17). Baie geluk!

3.5 BioScience Wiskundige Geletterdheid

Hoërskool Montagu het puik by die BioScience Wiskundige Geletterdheid Olimpiade presteer. Ons is derde algeheel in die land en Mechyla Schoeman behaal 'n ongelooflike 2de plek in die land!

4. Leierskap

4.1 Junior en Senior VRL 2022

Die nuwe lede vir die VRL van 2022 is verkies. Baie geluk aan die volgende leerlinge wat verkies is vir die Junior en Senior VRL onderskeidelik.

Junior VRL 2022: Emma Carstens, Jomar Hanekom, Halle Joseph, Kezia Malgas, Jaywin Noemdo en Amy-Leigh Shirley. Die nuwe graad 8 VRL lede word in 2022 verkies.

Senior VRL 2022: Nina Beukes, Jenelle Beukes, Stefanie Burger, Anri Gous, Jaylin Isaacs, Rossouw Kriel, Willem Nel, Carli Prins, Liam Pekeur, Anané Saunders, Jessica Schoeman en Nina Stemmet.

4.2 Bestuurskomitee (Leerlingraad) 2022

Die Matrieks het vanjaar hulle eie Prysuitdeling gehad waartydens die nuwe Bestuurskomitee vir 2022 aangewys is. Die nuwe Hoofleiers is: Chris Carstens (Hoofseun), Nienke Strauss (Hoofdogter), JG van Deventer (Onderhoofseun) en Janie Marais (Onderhoofdogter). Die res van die BK is Jaylee Antonie, Bertha Bopheka, Eben Carstens, Franco de Kock, Amy Gertsen, Brooklyn Kiewiets, Amaris Strydom en Henrechia Wiese. Weereens baie geluk en sterkte aan ons BK van 2022. Ons is super trots op julle!

5. Skoolgelde : 2022

Die Beheerliggaam herinner alle ouers aan die eerste paaie ment van R1070 wat betaalbaar is teen 28 Januarie 2022. Daar is ook 'n spesiale skrywe oor skoolgeld 2022 by die rapport aangeheg. Die finale ooreenkoms sal in Januarie 2022 voltooi word.

6. Handboeke

Alle handboeke moet teen 15 Desember om 09:00 ingehandig wees. Leerders wat tot op hede versuim het om hulle handboeke in te handig, sal 'n rekening ontvang vir uitstaande boeke. Hulle sal in 2022 eers boeke ontvang, nadat die rekening vereffen is. Elke leerder in die skool moet ook 'n dagboek besit.

7. Veiligheid en Skoolterrein

Slegs leerders van Hoërskool Montagu mag die skool se fasiliteite gebruik. Indien enige leerder van die skool, die skool se terrein gedurende die vakansie wil gebruik, moet daar persoonlik by toestemming verkry word. Streng COVID reëls en regulasies geld steeds. Indien enige vreemde persoon op die terrein gesien word, moet dit dadelik by Mnr. Strydom aangemeld word.

8. COVID-19 en die aanvang van skool in 2022

Soos almal bewus is, verander die veiligheidsaspekte en reëls en regulasies rondom COVID-19 deurlopend. Daar is tans 'n toename in gevalle en ek versoek alle ouers/voogde en leerders om veilig te wees tydens die vakansie.

Met die veranderde omstandighede in gedagte word slegs voorlopige kern reëlins en datums vir die eerste kwartaal deurgegee (sien aangeheg). **Dit is van kardinale belang dat u kind op die skool se onderskeie WhatsApp groepe gelaai is.** Inligting sal deurlopend op hierdie platform gedeel word en is werklik die vinnigste en mees effektiewe kommunikasie middel.

9. Ondersteunersklub

Die Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Jacques Carstens, is tans besig om fondse in te samel vir die opgradering van die snoepie en kleedkamers by die rugbyveld. Sluit gerus by hulle aan – 'n betrokke ouer, is 'n gelukkige ouer!

10. Graad 8 -2022

Op Maandag 6 Desember 2021 het die graad 8 klas van 2022 ons besoek. Die nuwe leerlinge het met groot geesdrif aan al die aktiwiteite deelgeneem en al die verrassings baie geniet. Hulle is nou goed ingelig en ons sien daarna uit om hulle in 2022 te ontvang.

10. Boodskap van die Beheerliggaam (SBL)

Dit is 'n absolute voorreg en eer om as Monties Beheerliggaam (SBL) diensbaar te wees aan ons skoolgemeenskap! Dis vir ons 'n voorreg om saam met die skoolbestuur, die personeel, en ons ouers, vir ons kinders 'n plek van geborgenheid, veiligheid, gemeensaamheid, en natuurlik Monties-IDENTITEIT te kan skep.

Die plig van die SBL is om op tree in die beste belang van ons skoolgemeenskap. Ons streef daarna om te verseker dat daar gesonde beheer- en finansiële praktyke by die skool toegepas word. Ons streef ook daarna om 'n platform te skep waar almal se BYDRAES aangemoedig en waardeer word.

Met die uitdagings van 2021 wat suksesvol deur die HS Montagu span oorkom is, wil ons graag die personeel bedank vir die jaar se uitnemende diens en verdien 'n ruskans na hierdie jaar waar hulle in elke vakansie met skoolwerk besig moes wees. Mag hulle 2022 met nuwe krag aanpak en bydra om dit 'n spesiale jaar te maak.

Baie dankie aan Mnr. Prins vir die tydperk wat hy Skoolhoof was en vir die ongelooflike taak wat hy verrig het. Baie dankie ook vir die mooi positiewe bydrae wat hy gelewer het met die aanstelling van ons nuwe hoof, Mnr. Benadie.

Ons wens Mnr. Benadie 'n baie mooi en suksesvolle toekoms toe by sy almamater, Hoërskool Montagu.

Ons wens is dat in 2022 ons skool met al sy aktiwiteite in belang van die leerders bestuur sal word en mag volgende jaar gevul wees met sport, kultuur en sosiale bedrywighede.

(Mnr. Hannes Gous –Voorsitter; namens SBL)

11. Personeel

Hoërskool Montagu is trots op sy onderwyserskorps. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan aankondig dat die personeel van 2021 almal aangaan in 2022. Ons wens mnr. Benadie, as nuwe skoolhoof, 'n lang en gelukkige verbintenis met Hoërskool Montagu toe.

Aan almal van u 'n Geseënde Kerstyd. Mag u werklik in hierdie tyd die genade en vreugde ondervind van Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker.

Vriendelike groete.

MNR. T. PRINS
SKOOLHOOF